CVO GROMAR LANDBOU AKADEMIE

Posbus 888 * Groblersdal * 0470
Tel. no.: (013) 262 5419/5334
Finansies e-pos: finansies@gromar.co.za
Admin e-pos: admin@gromar.co.za

Omsendbrief 25 19 Augustus 2021

Geagte Ouers

Ons gee graag vir u die volgende inligting deur.

1. **TOETSREEKS**:

Baie sterkte aan die Graad 7 leerlinge wat reeds vandag met hul toetsreeks begin het. Ons vertrou dat almal baie goed sal voorberei vir die toetse.

2. **VAKANTE POS**:

Die sluitingsdatum word verleng na Maandag, 23 Augustus 2021.

Indien u weet van persone wat sou belangstel in die onderstaande vakante pos, kan u die inligting aan hulle deurgee.

Afrikaans Graad 5, 6 en 7

Engels Graad 5 en 6

Alle aansoeke, asook 'n volledige lewensskets (CV) moet aan die Hoof, CVO Gromar Landbou Akademie gerig word, insluitend 'n getuigskrif van u predikant.

Die posadres is: Posbus 888, Groblersdal, 0470.

Aansoeke sluit: Maandag, 23 Augustus 2021

Diensaanvaarding: So gou moontlik

Vir enige navrae kan die Skoolhoof gekontak word.

3. **TROFEë**:

Alle uitstaande trofeë moet so gou moontlik gegraveer en teruggestuur word skool toe, asseblief.

4. **INNEEM VAN LOOPFONE**:

Die leerlinge se loopfone word daagliks ingeneem en in die kluis bewaar tot die laaste periode waar dit weer teruggegee word aan hulle.

Leerlinge wat nie hul loopfone ingee nie is oneerlik en as dit gekonfiskeer word, sal hul fone eers aan die einde van die 4de kwartaal teruggegee word.

5. **SKOOL KLERE**:

Dit wil voorkom asof die ergste koue nou reeds verby is en daarom is daar toestemming gegee dat die leerlinge somersdrag kan begin aantrek vanaf Woensdag, 18 Augustus 2021. Verpligte somersdrag is vanaf 1 September.

Ons weet dat daar nog koue dae moontlik vorentoe kan kom daarom is die leerlinge welkom om wintersdrag aan te trek op daardie dae. Sou dit koud wees en u kind besluit om wintersdrag aan te trek, moet u kind volgens die korrekte wintersdrag geklee wees. Daar is nie iets tussen wintersdrag en somersdrag nie. U kind moet volgens die reëls geklee wees soos hieronder uiteengesit.

Geen Oos-Transvaal sportdrag is deel van die skooldrag nie. Oos-Transvaal en BCVO sportdrag word slegs gedurende die winter op Vrydae aangetrek.

VOORSKRIFTE VIR KLEREDRAG VAN LEERLINGE:

Laerskool Dogters - Somersdrag:
Wit skoolhemp met wapen, vloot blou rompie. Skooltrui en enige skoolbaadjie word gedra in koel en reënweer. Oortrektrui (Pullover) word wel toegelaat.

Hoërskool Dogters - Somersdrag:
Wit skoolhemp met wapen, matriekdas, vlootblou rompie, skoolkouse en swart skoolskoene. Skooltrui en enige skoolbaadjie word gedra in koel en reënweer. Oortrektrui (Pullover) word wel toegelaat.

Graad 12 Dogters - Somersdrag:
Matriek hemp, matriekdas, vlootblou rompie met skoolkouse en swart skoolskoene. Skooltrui en enige skoolbaadjie word gedra in koel en reënweer. Oortrektrui (Pullover) word wel toegelaat.

Laerskool Dogters - Wintersdrag:
Wit skoolhemp met wapen, vloot blou rompie/langbroek met lang skoolkouse en swart skoolskoene. Skooltrui en enige skoolbaadjie word gedra.

Hoërskool Dogters - Wintersdrag:
Wit skoolhemp met wapen, skooldas, vloot blou rompie/langbroek met skoolkouse en swart skoolskoene. Skooltrui en enige skoolbaadjie word gedra.

Graad 12 Dogters - Wintersdrag:
Matriek hemp, matriekdas, vloot blou rompie/langbroek met lang skoolkouse en swart skoolskoene. Skooltrui en enige skoolbaadjie word gedra.

Laerskool Seuns - Somerdrag:
Wit skoolhemp met skoolwapen, vlootblou kortbroek. Skooltrui en enige skoolbaadjie word gedra koel en reën weer. Oortrektrui (Pullover) word wel toegelaat.

Hoërskool Seuns - Somersdrag:
Wit skoolhemp met skoolwapen, vlootblou kortbroek met skoolkouse en swart skoolskoene. Skooltrui en enige skoolbaadjie word gedra koel en reënweer. Oortrektrui (Pullover) word wel toegelaat.

Graad 12 Seuns - Somersdrag:
Matriek hemp, matriekdas, vlootblou kortbroek met skoolkouse en swart skoolskoene. Skooltrui en enige skoolbaadjie word gedra koel en reënweer. Oortrektrui (Pullover) word wel toegelaat.

Laerskool Seuns - Wintersdrag:
Wit skoolhemp met skoolwapen, vlootblou kort- of langbroek met skoolkouse en swart skoolskoene. Skooltrui en enige skoolbaadjie word gedra.

Hoërskool Seuns - Wintersdrag:
Wit skoolhemp met skoolwapen, skooldas, vlootblou kort- of langbroek met skoolkouse en swart skoolskoene. Skooltrui en enige skoolbaadjie word gedra.

Graad 12 Seuns - Wintersdrag: Matriek hemp, matriekdas, vlootblou kort- of langbroek met skoolkouse en swart skoolskoene. Skooltrui en enige skoolbaadjie word gedra.

6. **KONSERT**:

Die konsert oefening vir Graad 1 tot Graad 11 leerlinge vind Maandae en Woensdag vanaf 14:00 tot 15:00 plaas. Die eerste oefening begin Maandag, 23 Augustus.

Dit is verpligtend vir al ons leerlinge.

Die skoolbus sal na 15:00 vertrek.

Neem solank kennis dat die konsert Vrydagaand, 22 Oktober 2021 plaasvind.

7. **SPORT**:

Ons herinner u net weer aan die sport fiksheidsoefeninge wat Dinsdae en Donderdae vanaf 14:00 tot 15:00 plaasvind. Indien u 'n probleem het, kontak die skoolhoof asseblief.

Sien Bylaag A vir u kennisname.

Voltooi asseblief aangehegte skeurstrokie en stuur so gou moontlik terug.

GEDAGTE:

"Oral waar jy skoonheid sien, sien jy God se handelsmerk in die skepping". *Henry Ward Beecher*

Gromar groete

MNR. G.J. SWART
SKOOLHOOF

BYLAAG A

CVO GROMAR LANDBOU AKADEMIE

Posbus 888 * Groblersdal * 0470
Tel. no.: (013) 262 5419/5334
Finansies e-pos: finansies@gromar.co.za
Admin e-pos: admin@gromar.co.za

19 Augustus 2021

Beste ouers

INSAKE: Sewes Rugby – en Netbalkliniek: 28 Augustus

CVO Gromar bied 'n Sewes Rugby- en Netbalkliniek aan op Saterdag 28 Augustus 2021 te Groblersdal.

Kliniek Inligting:

Plek: CVO Gromar Landbou Akademie Groblersdal

Datum en Tyd: **O/6 – O/9 Seuns en Dogters:** **Saterdag 28 Augustus**

08:00 – 10:00 – Afrigting

10:00 – 12:00 – Wedstryde

13:00 – 14:00 – Ete

14:00 – 16:00 – Afrigting

O/10 – O/19 Seuns en Dogters: **Saterdag 28 Augustus**

08:00 – 13:00 – Afrigting

13:00 – 14:00 – Ete

14:00 – 16:00 – Afrigting

Kostes:

Netbal: R175 vir O/6 – O /9 seuns en dogters per netbalspeelster omdat hulle minder tyd op die baan gaan spandeer.

R200 vir O/10 –O/19 seuns en dogters per netbalspeelster en afrigter

Spelers moet asb. 'n kospakkie of geld saambring vir rustye en middagete. Daar sal kos en koeldrankverkope by die skool se lapa wees. Bring baie water en sonbrandroom saam.

Betalings kan gedoen word in CVO Gromar se rekening voor of op Donderdag, 26 Augustus 2021.

Rek naam: CVO Gromar (verwysing Kliniek, familiekode, kind)

Bank: Absa

Takkode: 334 147

Reknr: 900158769

Tipe Rek: Tjek

✂----------

Ek _____ ouer/voog van _____ in Graad _____ neem kennis van Omsendbrief 25/2021 asook Bylaag A.

✂----------

<u>Rugby- en Netbalkliniek</u>:

My kind _____, _____, _____,

_____ sal die Rugby- en Netbalkliniek bywon.

_____

HANDTEKENING : OUER